



Prof Ian Craig

Prof Craig is Afdelingshoof van Beheerstelsels in die Departement Elektriese, Elektroniese en Rekenaaringenieurswese in die Skool vir Ingenieurswese (Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie). Hy beklee die posisie reeds sedert 1995.

Sy navorsingsbelangstellings sluit in: ekonomiese prestasiebeoordeling van gevorderde prosesbeheer; die modellering, identifisering en beheer van MIV/Vigs, en die modellering en beheer van prosesse in die mineraal- en metaalverwerkingsbedrywe. Hy was voorheen 'n groepleier in Mintek se Meet- en Beheerafdeling waar hy erkenning gekry het vir sy bydrae tot die ontwerp, implementering en kommersialisering van gevorderde beheerstelsels vir die mineraalverwerkingsbedryf. Hy is die huidige president van die Internasionale Federasie van Outomatiese Beheer (*International Federation of Automatic Control* – IFAC) en het die organisasie in talle rolle gedien, onder meer as lid van die Tegniese Raad, die Bestuursraad en die Raad.

Prof Craig was van 2005 tot 2010 hoofredakteur van die IFAC/Elsevier vaktydskrif *Control Engineering Practice* en het in 2008 die IFAC-toekenning vir uitsonderlike diens ontvang. Hy is 'n aktiewe lid van die Suid-Afrikaanse ingenieursgemeenskap en 'n genoot van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Ingenieurswese, 'n genoot van die Suid-Afrikaanse Instituut van Elektriese Ingenieurs, vorige president van die Suid-Afrikaanse IFAC Nasionale Lid-Organisasie, en medestigter en voorsitter van die MIT Klub van Suid-Afrika.

Prof Craig is Section Head: Control Systems in the Department of Electrical, Electronic and Computer Engineering in the School of Engineering (Faculty of Engineering, Built Environment and Information Technology), a position he has held since 1995.

His research interests include the economic performance assessment of advanced process control; HIV/Aids modelling, identification and control; and modelling and control of systems in mineral and metal processing. Previously he was a group leader in the Measurement Control Division of Mintek where he was recognised for his work on the design, implementation and commercialisation of advanced controllers for the mineral processing industry. He is the current president of the International Federation of Automatic Control (IFAC), and has served IFAC in many different roles, including as a technical board, executive board and council member.

Prof Craig served as the editor-in-chief of the IFAC/Elsevier journal *Control Engineering Practice* from 2005 to 2010 and received the IFAC Outstanding Service Award in 2008. He is an active member of the South African engineering community. He is a fellow of the South African Academy of Engineering, a fellow of the South African Institute of Electrical Engineers, past president of the South African IFAC National Member Organisation, and founding president of the MIT Club of South Africa.

Prof Craig ke Hlogo ya Karolo: Mekgwa ya Taolo go Kgoro ya Boentsenere bja Elektrikale, Elektroniki le Dikhomphutha, maemo ao a swerego go tloga ka 1995.

Dikgahlego tša gagwe tša dinyakišišo di akaretša kelo ya tiro ya ekonomi ya taolo ya tshepetšo ye e tšwetšego pele; go mmotlolo wa HIV/Aids, taetšo le taolo; le go mmotlolo le go laola mekgwa ya tšweletšo ya diminerale le metale. Pele o be a le moetapele wa sehlopha ka Sekgaong sa Taolo ya Tekanyo sa Mintek moo a tsebagetšego bakeng sa mošomo wa gagwe wa go hlama, go phethagatša le go dira kgwebo ya dilo tše di tšwetšego pele tša go laola intasteri ya go tšweletša diminerale. Ke mopresidente wa bjale wa Mokgatlo wa Boditšhabatšhaba wa Taolo ya Otomethiki (go itiriša) (IFAC), ebile o šometše IFAC maamong a go fapafapana, go akaretšwa bjalo ka leloko la boto ya theknikhale, botophethiši le lekgotla.

Prof Craig o šomile bjalo ka morulaganyimogolo wa tšenale ya IFAC/Elsevier *Control Engineering Practice* go tloga ka 2005 go fihla ka 2010 ebile o amogetše le Sefoka sa IFAC sa Tirelo ya katlego ya go fetiša ka 2008. Ke leloko le le tletšego la maloko a boentsenere a Afrika-Borwa. Ke mogweramoleloko wa Akatemi ya Afrika-Borwa ya Boentsenere, mogweramoleloko wa Institšhute ya Afrika-Borwa ya Boraentsenere ba Elektrikale, mopresidente wa maloba wa Mokgatlo wa Boleloko wa Bosetšhaba wa IFAC wa Afrika-Borwa, le mopresidente wa mathomo wa mokgatlo wa MIT wa Afrika-Borwa.